

Briewe/Letters

Prokureurs-Generaal in 'n nuwe bedeling



DJ Rossouw SC
.....

Meneer

U tydige redaksionele kommentaar, "Prokureurs-Generaal in 'n nuwe bedeling" ((1990) 3 *Consultus* 2) waarin oor die posisie van die vervolgingsgesag binne 'n (nuwe) staatsbestel bespiegel word, het sekere gedagtes geopper waarop ek graag, as (tans) dienende prokureur-generaal, wil reageer.

As vertrekpunt vir enige herstrukturering van die amp behoort die funksies en veral die konvensies soos dit in Suid-Afrika oor die jare beslag gekry het in ag geneem te word en moet hervormingsywer met doelmatigheid getemper word: die herstrukturering moet dus nie so "totaal" wees dat die nuwe amp nie op die verlede kan bou nie. Die huidige funksies en bevoegdhede van die prokureur-generaal (behalwe die ministeriële toesig sedert 1926 en 1935) besit al die eienskappe wat 'n mens van die amp binne 'n volwasse regstelsel sal verwag. Hoewel die prokureur-generaal se besluite nie in

'n hof getoets kan word nie, gee 'n hof wel uitspraak oor sy besluite om aan te kla en is die voorsiening van private vervolging 'n doeltreffende beheermiddel tot die wye diskresie wat 'n prokureur-generaal uitoefen. Dit behoort behou te word.

Hoewel die ministeriële toesig tans feitlik uitsluitend dien om oor vervolgingsbesluite in die Parlement verslag te doen, is tereg in u hoofartikel op argumente gewys wat oor die jare die *beeld* van onafhanklike besluitneming van die prokureur-generaal kon vertroebel het. Hierteenoor moet dit vermeld word dat die feit dat daar sewe prokureurs-generaal in Suid-Afrika is, elkeen in sy eie gebied onafhanklik van die ander, een van die sterkste teenvoetters teen manipulering in ons stelsel is. (Hoeseer daar ook administratiewe nadele daaraan mag kleef.) Derhalwe volg dit nie noodwendig dat 'n hoof-prokureur-generaal geskep moet word nie. Intendeel.

Wat ook al sy funksies sou wees, so 'n pos sou eenvoudig die minister in die toesig oor die prokureurs-generaal vervang. En dit sou 'n baie groter geleentheid vir manipulasie skep as wat tans bestaan. Dit sal ook noodwendig 'n vermeerdering van rompslomp meebring. Om voorsiening te maak vir die behoefte wat die gedagte aan 'n hoof-prokureur-generaal trag te vul, kan dit oorweeg word dat die prokureurs-generaal as 'n raad konstitueer word, wat van tyd tot tyd onder die voorsitterskap van die senior prokureur-generaal vergader. (Dit sou eenvormigheid van wetstoepassing in die hand werk.) Hierdie raad, by monde van sy voorsitter, kan jaarlikse verslagdoening aan die Parlement behartig. Hoewel ministeriële toesig uitgeskakel behoort te word, moet die geleentheid aan die minister om 'n besondere prokureur-generaal vir 'n verslag oor individuele sake te nader, behou word,

soos in die huidige geldende parlementêre gebruik.

Dit is so dat die prokureur-generaal in die uitoefening van sy funksies nie regsprekend optree nie; wel eerder regshandhawend. Daar kan geen twyfel daaraan wees dat 'n prokureur-generaal by sy besluitneming in 'n gegewe saak dikwels geroepe is om regterlik op te tree nie. In die sogenaamde Trojaanse Perdsak wat onlangs in die KPA beslis is, moes die prokureur-generaal in sy destydse weiering klaarblyklik dieselfde veld bestryk as wat die regter in sy uitspraak ter onskuldigbevinding gedoen het.

Dit kan ook geen twyfel ly nie dat die prokureur-generaal in sy gesagsuitoefening net so onpartydig, objektief en onafhanklik moet staan as 'n regter. Dit is daarom dat die ministeriële toesig wat in artikel 3(5) van die Strafproseswet vasgelê is, vreemd opval in 'n regstelsel wat homself met reg aan die hoogste standaard van regstoemeting ter wêreld toets.

Ten einde aan die ideaal van 'n onafhanklike prokureur-generaal praktiese beslag te gee, skyn die gedagte in u hoofartikel dat by herstrukturering van die vervolgende gesag die amp van die prokureur-generaal buite die staatsdiens moet staan, sterk geldingskrag te hê. Daar skyn geen goeie rede te bestaan waarom die pos wetsgewenderwys nie soos die van regters behandel behoort te word nie. Daar skyn ook geen rede te wees waarom die prokureurs-generaal nie, wat salaris en ampsvoordele betref, op dieselfde vlak as regters behandel moet word nie.

DJ Rossouw SC
Prokureur-Generaal
Kaap die Goeie Hoop
Provinsiale Afdeling